# WÊRELDGEBEURE.

---

**BUITELAND.**

Verskillende grootwaardigheidsbekleders het in die afgelope tyd verklaar dat die gevaar van oorlog gewyk het. Van Rusland se kant word dan ook allerlei voorstelle gemaak (bv. ten opsigte van die unifikasie van Duitsland) wat die indruk moet gee dat die Sowjet-Unie dit werklik ernstig bedoel. Die benoeming van Gromyko tot ambassadeur in Londen sal wel die bedoeling hê om via Engeland aan Amerika te verduidelik dat Rusland nie waarlik so sleg is as wat die mense sê nie.

Die verklaring wat die Amerikaanse stafhoofde onlangs uitgereik het, gee egter gladnie rede vir optimisme nie. Hulle is van gevoele dat die groot gevaar in 1954 sal kom, wanneer die Russiese bewapening sy hoogtepunt sal bereik. In die verklaring word o.m. gespreek van die „skokkende" produksie van vliegtuie en die „skrikwekkende" voorsprong wat Rusland in hierdie opsig bo Amerika het. Onder andere word beweer dat die Sowjet meer vliegtuie besit as wat Amerika in die volgende drie jaar kan produseer.

'n Ander feit wat niks goeds voorspel nie, is die besoek van die Chinese sending aan Moskou. Die afvaardiging sluit ook militêre leiers in. Dit is van betekenis as daaraan gedink word dat die Koreaanse oorlog vier maande na die besoek van Mao aan Moskou plaasgevind het.

Die reorganisasie van die Kommunistiese Party in Rusland sal ook wel van betekenis wees. Dit skyn of Stalin so langsamerhand die pad vir sy opvolger oopmaak en of Malenkof die gunsteling is vir hierdie posisie. Vir die eerste keer sedert 1939 sal die party weer „kongres" hou, waaruit waarnemers aflei dat Stalin hom sterk voel.

Uit Oos-Europa kom berigte van angs en slawerny. Rusland is besig om stelselmatig volle beheer oor hierdie lande te verkry. Selfs die spoorweë word aangepas by die Russiese model, en 'n magtige polisie-organisasie sorg dat alle teenstand in die kiem gesmoor word.

Selfs Oos-Duitsland word langsaam maar seker gerussifiseer. Sterk propaganda word teen Amerika gemaak, en die Amerikane word vergelyk met die Franse, wat in die vorige eeu dele van Duitsland beset het. Die „volksleer" van Oos-Duitsland sal teen Oktober op die been wees, terwyl Wes-Duitsland in hierdie opsig maar aan die begin staan.

Ons kan dus heel moontlik enkele jare van kalmte belewe—maar tog bly die volkeresee in beroering, soos weer geblyk het in Persië en Egipte. Wat hier gebeur het, sal wel nie onmiddellik internasionale

reperkussies hê nie maar is tog 'n teken dat die ontvlambare Oosterse gemoed nie tevrede is nie en dat daar 'n omwenteling aan die gang is.

Stalin kan na verkiesing nog 'n hele paar Korea's skep. Veral die posisie in Persië lyk baie bedenklik. As sake so voortontwikkel soos in die afgelope tyd, kan die maarskalk eerlank die eeue-oue Russiese droom verwesenlik sien van 'n pad na die Indiese Oseaan.

**SUID-AFRIKA.**

Kenmerkend van die politieke situasie in ons land is die toenemende verwarring in die geledere van die „United Front" en die toenemende eenwording van die Afrikanerdom en die Engelssprekendes wat die beleid van die Afrikanerdom onderskrywe.

Natal het veral in die afgelope tyd onder die soeklig gekom. Dit skyn of daar 'n radikale verskil van mening bestaan tussen mnr. Mitchell (leier van die V.P.) en sen. Heaton Nicholls. Laasgenoemde bepleit die afskeiding van Natal van die Unie, terwyl eersgenoemde verklaar het dat so'n stap tot 'n bloedbad sal lei. Mnr. Mitchell word gesteun deur die sakelui, wat oortuig is dat afskeiding 'n ekonomiese ramp vir Natal sal beteken.

Intussen het min. Strydom betekenisvolle verklaringe in die Tuinprovinsie gedoen. Hy het duidelik die standpunt van die Afrikaner teenoor die Engelsman gestel en veral beklemtoon dat laasgenoemde geen rede het om te vrees dat sy regte ingekort sal word nie.

Tewens het die Minister die gedagte uitgespreek dat Natal 'n groot nywerheidstoekoms het vanweë die feit dat dit talle waterryke riviere het in teenstelling met die res van die Unie. Die persoonlike besoek van die Eerste Minister en lede van sy kabinet aan Sordwanabaai het ewe-eens die oë op Natal gevestig en tewens op—Swasieland. Uit hierdie besoek mag groot dinge gebore word. Met kenmerkende kleinlikheid het een van die Engelse blaaie verklaar dat dit net weer 'n set is om die republikeinse sentiment aan te wakker—omdat pres. Kruger ook die oë hierheen gerig het!

Teenoor die verwarring in imperialistiese geledere doen die eenheid in die republikeinse weldadig aan. Hulle wat die Voortrekkerpad volg, het nog selde so'n eenheid gevorm. Die jongste stap in hierdie rigting is die houding van die laertrek van die O.B. wat onlangs in Bloemfontein gehou is.. Betekenisvol is die verklaring van dr. Van Rensburg: „Dit help nie vandag om drome te droom en vergesigte te sien van ‚volksfronte' nie—die volksfront is dié front waar die volk te vinde is. Die oorgrote meerderheid van die Afrikanervolk, altans die nasionaalvoelende

deel daarvan, is vandag onteenseglik in die eengeworde Nasionale Party". Volgens 'n besluit van die laertrek sal alle lede van die O.B. die vryheid hê om na eie oortuiging by die N.P. aan te sluit.

Daar is nog geen verklaringe deur leiers van die N.P. gedoen ten opsigte van die besluit van die O.B. dat afgestuur sal word op 'n republikeinse beweging en -blad. Daar sal ongetwyfeld deur sommige geredeneer word dat die N.P. 'n republikeinse beweging **is** en dat 'n ekstra beweging en blad onnodig is. Skrywer hiervan kan egter geen beswaar sien teen onafhanklike blaaie nie en ook nie teen 'n republikeinse beweging nie, mits daar 'n goeie verstandhouding is tussen party en beweging. Die Party moet sy program van aksie telkens wysig na die eis van omstandighede. So moes die republikeinse ideaal tydelik terugwyk vir die groot vraagstuk van die rasse. Net soos Sabra op onafhanklike wyse die apartheidsbeleid bestudeer en voorligting verskaf, kan 'n republikeinse beweging die volk gedurig vir hierdie ideaal inspireer. Ons wil hoop dat die leiere van die N.P. en die O.B. in hierdie opsig tot 'n verstandhouding sal kom. By ons mag nie die narighede van die V.P.-Blikfakkel-botsings gesien word nie.

Ons land handhaaf nog steeds die vooruitgang op industriële gebied. Die spoorweë kan byna die tempo nie byhou nie. Die poginge van V.P.-kant om 'n kunsmatige depressie te skep het tot dusver klaarblyklik nie veel sukses gehad nie. Die hoof van die Reserwebank kon verklaar dat daar wel 'n resessie verwag moet word maar dat die gevaar vir 'n ernstige depressie nie groot is nie.

Die politikus Harry Oppenheimer het stry gekry met die sakeman Harry Oppenheimer, en laasgenoemde moes aan oorsese beleggers verduidelik dat die tydelike geldskaarste nie te wyte is aan faktore in Suid-Afrika nie, maar aan die Londense geldmark.

Die versetbeweging van naturelle teen die apartheidsbeweging is nie 'n mooi verskynsel nie, veral waar dit deur sommige blankes aangemoedig word. Die owerhede sal hier met groot wysheid moet optree. Die rottang sal hierdie saak nie in orde bring nie.

In hierdie verband is die verklaring van die Opperraad van die Federasie van Bantoe-organisasies van grooot betekenis. Hierin word naamlik die apartheidsbeleid aangeprys en dr. Malan geloof as iemand wat ook vir die Bantoe 'n toekoms wil skep.

Die beslissing van die Kaapse hooggeregshof insake die Kleurlingstemreg het 'n nuwe krisis geskep. Die regering sal waarlik wysheid nodig hê om die pad deur hierdie moeilikheid aan te wys. Intussen mag die meriete van die saak nie bespreek word nie, aangesien die regering appél aangeteken het.

Ons wil egter saamstem met min. Naude dat, as die hof gelyk het, ons 'n nuwe grondwet moet kry. Lanklaas was 'n hoofartikel van Die Transvaler so na ons smaak as dié van Saterdag 30 Augustus. Hier word nl. onomwonde verklaar dat die enigste uitweg uit die moeilikheid 'n Republiek is, aangesien ons dan 'n nuwe grondwet moet kry. Ons besef egter dat met groot takt gehandel moet word en wil alleen maar hoop en bid dat ons owerheid die wysheid magontvang, en die daadkrag, om so op te tree dat dit in die beste belangvan volk en vaderland is.

'n Laaste saak wat ons wil aanroer, is die veldtog van die Nasionale Veldtrust in belang van bodembewaring. Die syfers wat ons voorgehou word, is onheilspellend. Naas die rassevraagstuk het ons hier seker met die grootste vraagstuk van suidelike Afrika te doen.

S.d.T.